



TJOKKIE



Uitgawe 5 | 2 | 2020

12 Junie 2020

brokkies!

Geagte Ouer

Dit was met groot opgewondenheid dat ons die Graad 7-leerders Maandag terug by die skool kon verwelkom. Die leerders was aanvanklik maar effens gespanne, maar het vining ontspan toe die onderwysers hul met 'n paar danspassies aangespoor het.

Die eerste week het ook goed afgeloop met minimale afwesighede. Ek is dankbaar teenoor die ouers wat toegesien het dat die kinders hul werk getrou gedoen het. Die Graad 7-onderwysers is uiters tevrede met die vlak van hul werk.

Ons het na 'n week se proefnemings besef dat die daaglikse skandering van leerders vinniger verloop as beplan, daarom is die besluit geneem dat die skool vir die Graad 7-leerders vanaf Maandag, 15 Junie, weer 13:30 sal uitkom soos normaal.



Maandag, 15 Junie, is nie meer 'n vakansiedag soos op die oorspronklike kalender aangedui is nie. Dit sal nou 'n normale akademiese dag wees. Dinsdag, 16 Junie, bly egter Jeugdag en kan die kinders dus tuis bly.

Sien ook aangeheg aan vandag se nuusbrieff die nuut aangepaste Nasionale kalender vir die res van die 2020 skooljaar.

Baie dankie aan ons anker berge! Ondersteun hulle asseblief.



supa quick

MIDAS



SPEEDY

Let egter op die volgende:

Die heropening van skole vir die tweede kwartaal beloop vanaf 8 Junie 2020 tot 7 Augustus 2020. Die derde kwartaal skop af op 12 Augustus 2020 tot 23 September 2020 en die laaste kwartaal vanaf 5 Oktober tot 15 Desember 2020.

In verlede week se nuusbrieff is berig dat skole vir Gr 4- en Gr 5-leerders op 3 Augustus open. Dit skep verwarring aangesien die skool dan weer op 7 Augustus sluit vir 'n kort vakansie. Tjokkies, in samewerking met ander laerskole in die stad, wil by die Hoof van die Onderwysdepartement aansoek doen vir 'n versnelde infassering. Dit vat egter tyd. Sodra ons uitsluitse ontvang, sal dit aan u as ouers gekommunikeer word.

Mag ouers hul kinders by die huis hou?

Na verkeie navrae wat ek van ouers ontvang het haal ek graag die volgende aan uit die nuusbrieff van die Federasie van Suid-Afrikaanse Skool Beheerliggame. (FEDSAS)

“Ouers het 'n wetlike plig om hulle kinders te laat skoolgaan, wat die president nie by wyse van 'n toespraak of deur middel van COVID-regulasies kan verander nie”

Artikel 3 van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 bepaal soos volg:

(1) Behoudens hierdie Wet en enige toepaslike provinsiale wet moet elke ouer elke leerder vir wie hy of sy verantwoordelik is 'n skool laat bywoon vanaf die eerste skooldag van die jaar waarin sodanige leerder die ouderdom van sewe jaar bereik tot op die laaste skooldag van die jaar waarin sodanige leerder die ouderdom van vyftien jaar of die negende graad bereik, watter een ook al eerste plaasvind.

Wat staan ouers dus nou te doen wat ongemaklik voel om hul kinders terug te stuur skool toe?

Scenario 1

Dit is ouers wat hul kind in die formele skoolstelsel wil hou, maar die leerder het 'n onderliggende siekte en het 'n verhoogde risiko om geïnfekteer te word. In so 'n geval kan die afwesigheid steeds ingevolge die nasionale Leerderaanwesigheidsbeleid hanteer word. Hier moet die skool die leerder met afstandsonderrig help. Die ouers moet saam met die skool die verantwoordelikheid aanvaar om toe te sien dat die leerder deelneem en byhou.

Scenario 2

Hierdie kategorie is ouers wat dalk hul kind in die formele skoolstelsel wil hou, die kind het geen onderliggende siekte nie, maar die ouers is bekommerd oor die kind se veiligheid.

Die werkers het baie moeite gedoen om die skool so veilig as moontlik te kry en te hou. Ons wil u dus aanmoedig om dit wel te oorweeg om u kind skool toe te stuur. U kan self oordeel hoe dit gaan na 'n week of twee. Skole is egter volgens wet nie verplig om hierdie leerders van onderrig te voorsien nie, maar die skool is egter bereid om hierdie leerders redelikerwys tegemoet te kom met 'n gemengde model van afstandsonderrig en kontakonderrig. Hou ingedagte dat die kwantiteit van werk gaan vermeerder wanneer die kinders eers voldag by die skool gaan wees. Dit kan u dataverbruik aansienlik verhoog.

Scenario 3

Hierdie kategorie is ouers wat hulle kind uit die formele skoolstelsel wil neem om eerder tuis te onderrig.

In hierdie scenario verlaat die leerder die formele skoolstelsel, en is die kind dus nie meer by die skool ingeskryf nie. Die kind se naam word dus van die skoolrol verwyder en is die ouer ook nie meer verantwoordelik vir die betaling van skoolgeld nie. Die skool kan nie weier dat die leerder die skool verlaat nie, en het daarom ook geen verdere verpligtinge teenoor die leerder nie. Hierdie leerder se toelatingsnommer sal geblok word wat beteken dat hul nie toegang tot die skool se e-platform sal hê nie.

Artikel 51 van die Skolewet bepaal dat 'n ouer by die Hoof van die Onderwysdepartement kan aansoek doen om 'n leerder vir tuisonderrig te registreer. Die Departementshoof kan voortgaan om die leerder as sodanig te registreer indien hy/sy tevrede is dat:

- die registrasie in die leerder se belang is;
- die onderwys wat die leerder tuis sal ontvang
 - a) aan die minimum kurrikulumvereistes voldoen; en
 - b) nie van 'n laer standaard is as die in openbare skole nie; en
- die ouer voldoen aan enige ander redelike voorwaardes wat die Departementshoof stel.

Indien ouers hulle kinders tuis onderrig, en later weer by 'n skool wil laat inskakel, moet die ouer die volgende in gedagte hou:

1. Ouers moet die skool in kennis stel dat die leerder voortaan tuisonderrig sal ontvang.
2. Ouers moet die leerder by 'n kurrikulumverskaffer registreer. Indien nie, sal die kind oor geen bewys van leer vir die jaar beskik nie, en sal geen formele sertifikaat (rapport) vir die jaar uitgereik word nie.
3. Ouers moet heraansoek doen tot die toelating van enige skool indien hul tuisonderrig opskort. Dit beteken nie noodwendig dat die kind se vorige skool die kind moet/kan aanvaar nie.
4. Enige openbare skool sal die reg hê om te bepaal wat die standaard van die tuisonderrig was, ongeag of daar 'n sertifikaat uitgereik is of nie.

Ontsmettingstonnel

Ouers moet kennis neem dat die gebruik van die ontsmettingstonnel vir eers gestop word. Die struktuur sal egter behoue bly tot daar finaliteit rondom die gebruik daarvan bereik is.

Leerders en besoekers moet egter steeds die voorgeskrewe protokol volg van:

- Hande moet gesaniteer word.
- Temperatuur moet geneem en aangeteken word.
- Inteken in register wat Covid-19 voorskrifte is.

Baie dankie vir u samewerking om te help keer dat die virus versprei.

Finansies

Ouers wat dokumente vir korting aangevra het, word herinner om dit voor 22 Junie te kom inhandig sodat dit met die volgende finansiële komitee vergadering, wat op 23 Junie plaasvind, hanteer kan word.

Kaalvoetkafee

Die snoepie sal vanaf 15 Junie slegs gedurende pouses oop wees vir verkope. Leerders moet asb. streng by die reëls hou wanneer hul van die snoepie gebruik maak. (sien nuwe COVID-19 veiligheidsbeleid op webwerf)

Webwerf

Gaan loer gerus op www.tjokkies.co.za na ons nuwe opgradeerde webwerf. Ek nooi ouers ook uit om “foute” wat julle opmerk onder ons aandag te bring sodat die diensverskaffer dit vir ons kan korrigeer.

Klerebank

Die klerebank sal vanaf Maandag, 15 Junie, op sy normale tye funksioneer.

Maandae: 7:30 - 9:00

Vrydae: 12:30 - 14:00

Neels Gunter

Skoolhoof